

1 “Hier is iets moois! Vanoggend sowat 5.30 het ek 'n ystervark in die Perdeskoen gesien. Sowat 150 meter wes van die Stuckisaal het hy die pad oorgesteek in die rigting van die riviértjie. Ek wonder of hy 'n nuweling in die gebied is, of ander stappers/drawwers/fietsers hom ook al gewaar het - en natuurlik hoe lank hy gaan oorleef. Miskien moet motoriste veral versigtig wees: Bande en paneelwerk is nogal duur! Piet Jonas”

.....

2 “Na diewe op ons werf was, is ‘n pienk handdoek en ‘n Bybel, in ‘n toerits blou denim oortreksel agtergelaat. Daar is ‘n inskrywing DANELLE GERBER en die datum 30/12/09 op die voorste bladsy. Die oortreksel en Bybel lyk nog splinternuut. Help asb om die eienaar op te spoor? Geseende Kerstyd en ‘n misdaadvrye 2014, Gwen van Wyk”

.....

3 “Ek hoop die mense van Wellington Info kan my help. My selfoon is verlore / gesteel tussen Vrydag aand en Saterdag oggend (10-11 Januarie) tussen Ghecko Restaurant en my huis in Bainstraat, Wellington. Die foon is reeds “geswartlys”. Die informasie en foto’s daarop is vir my baie waardevol. Ek doen ‘n laaste poging om die foon terug te kry, aangesien niks vrugte afwerp nie.

‘n Beloning van R1000 vir die persoon wat my foon kan opspoor. As die foto’s en ander informasie nog op is, sal ek R2000 aan Wellington Info Lede gee. Ek sal dit groot waardeur as jy hierdie kan plaas. Aangeheg is die selfoon se besonderhede. Dankie vir jou puik hantering van WellingtonInfo, en om ons almal ingelig te hou van wat gebeur. Groete Quintin”

.....

4 “Sedert ons terugkeer op 23 Desember vanaf die see, kom daar klokslag elke dag ‘n Groen Papagaai by my “tuinvoël” bakkie eet. Hy is nie wild nie, maar versigtig. ‘n Pragtige ou en ons het hom nou al begin bederf deur “ appel ‘n dag “ uit te sit vir hom . Gedurende die dag is hy daar rond en dan weg maar saans en soggens kom geniet hy sy rantsoen. Ek hom nog nie probeer vang, want ek glo dit is iemand wat met vakansie is en hy erens uitgekome het. As hy aan iemand behoort en hulle wil hom terug kry kan hulle my skakel by 021 873 5207 of 082 7705 739. Fanie Steenkamp”

.....

5 “Dan wil ek aan die Polisie dankie se vir blitsvinnige optrede verlede week, by die spuitfontein in Piet Retiefstraat (dis nou ons berugte renbaan, waar in jare geen spoedlokkalve meer voorkom nie, en skynbaar het die verkeersdepartement nou maar boedel oorgegee).

Ek en my vrou was aan die beweeg op in Hoofweg, toe daar n silwer Ford Focus ST, CY391471, teen die snelheid van weerlig by ons verbyjaag. Ek kon dit sien kom, en sowaar slaan die man die hoek by Blouvlieweg, die kar breek uitmekaar. Die Polisie was binne 5 min daar, die bestuurder was op die been, fiks genoeg om agter in die vangwa weg geneem te word- ek hoop dit was hospitaal toe vir bloedmonsters. Die kar is vir seker afgeskryf, dit is verdiende loon. Groete Hentie”

.....

Die volgende twee skakels op YouTube is video’s van misdaad wat onlangs in Paarl en Wellington gepleeg was. Indien u die persone in die video’s herken hoor ons graag van u. Let ook op na die strategie van die Misdadigers

[Housebreaking at Bicycle Shop - YouTube](#)

[Do you know these two thugs stealing a laptop in Paarl - YouTube](#)

.....

Hi Attie, Ek was lanklaas in my lewe so afgehaal oor die gemors wat die leeglêrs, wat heeldag sit en drink in Fonteinstraat, agterlaat. Dit in die middel van die dorp. Onaanvaarbaar en teen die wet! Op die foto kan jy sien hoe lyk dit oorkant die tandarts se spreekkamer. Drakensteinpersoneel drink glo saam en Wetstoepassingsbeamptes kyk ander pad. Die agterkant van "Jubilee Park" is tans 'n stink gemors. Verval op sy beste. Sies! Groete Deon

.....

Werksgeleentheid:

Die kontakpersoon by Boland is Francois le Roux 021 862 6190/1. Verkieslik 'n jong man met kennis van wyn (nie die drink kennis nie) Die pos sal aanvanklik tydelik wees vir 2 – 3maande . Groete